



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NATIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

GEOGRAFIE V2

FEBRUARIE/MAART 2012

PUNTE: 100

TYD: 1½ uur

EKSAMEN- NOMMER																					
SENTRUM- NOMMER																					

PUNT BEHAAL	V1	V2	V3	V4	TOTAAL
NASIENER					
SENIOR NASIENER					
HOOFNASIENER					
MODERATOR					
TOTAAL	20	20	40	20	100


Hierdie vraestel bestaan uit 11 bladsye en 1 bladsy vir rofwerk.

HULPBRONMATERIAAL

1. 'n Uittreksel van topografiese kaart 3318DB PAARL.
2. Ortofotokaart 3318DB 25 PAARL.
3. LET WEL: Die hulpbronmateriaal moet deur die skole vir hul eie gebruik ingeneem word.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Skryf jou EKSAMENNOMMER en jou SENTRUMNOMMER in die spasies wat op die voorblad voorsien word.
2. Beantwoord ALLE vrae in die spasies wat in hierdie vraestel voorsien word.
3. Jy word voorsien van 'n 1 : 50 000 topografiese kaart 3318DB PAARL en 'n ortofotokaart van 'n deel van die gekarteerde gebied.
4. Jy moet die topografiese kaart en die ortofotokaart aan die einde van die eksamensessie aan die opsiener oorhandig.
5. Jy mag die blanko bladsy aan die agterkant van hierdie vraestel vir alle rofwerk en berekeninge gebruik. MOENIE hierdie bladsy van die vraestel losmaak NIE.
6. Toon ALLE berekeninge. Punte sal vir berekeninge en formules toegeken word.
7. Jy mag 'n nieprogrammeerbare sakrekenaar gebruik.

LIGGING VAN PAARL IN SUID-AFRIKA

Die volgende Afrikaanse terme en hul Engelse vertalings kom op die topografiese kaart voor:

AFRIKAANS

Dipbakke
Voorbrande
Landingstrook
Stadion
Stasie
Sportklub
Veldblomreservaat
Natuurreservaat

ENGELS

Dipping tanks
Firebreaks
Landing strip
Stadium
Station
Sports club
Wild flower reserve
Nature reserve

VRAAG 1: MEERVOUDIGEKEUSE-VRAE

Die vrae hieronder is gebaseer op sowel die 1 : 50 000 topografiese kaart 3318DB PAARL, as die ortofotokaart 3318DB 25 PAARL as deel van die gekarteerde gebied. Verskeie opsies word as moontlike antwoorde vir die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) in die blokkie langs elke vraag neer.

1.1 Worcester is ongeveer ... kilometer vanaf Paarl.

- A 4
- B 49
- C 9
- D 490

1.2 Die straatpatroon rondom die kerk in blok **G12** op die topografiese kaart is ...

- A radiaal.
- B bepland onreëlmatig.
- C 'n rooster.
- D onbepland onreëlmatig.

1.3 Die Bergrivier vloei in 'n ... rigting.

- A noordelike
- B suidoostelike
- C suidelike
- D noordoostelike

1.4 Die lengte van die Nantes-damwal in blok **H10** is ... meter.

- A 200
- B 0,20
- C 20
- D 2 000

1.5 'n Ortofotokaart is 'n ... foto met 'n kaartskaal van 1 : 10 000.

- A vertikale lug-
- B hoëskuinshoek-
- C laeskuinshoek-
- D horisontale

1.6 Die diens wat voorsien word by die nommer gemerk **5** op die ortofotokaart is 'n ...

- A hotel.
- B skool.
- C polisiestasie.
- D hospitaal.

1.7 Die R45 is 'n ...

- A nasionale deurpad.
- B hoofverkeersweg.
- C hoofweg.
- D sekondêre pad.

1.8 Die kontoerinterval op die ortofotokaart is ... meter.

- A 20
- B 10
- C 50
- D 5

1.9 Die Bergrivier kan as 'n ... rivier beskryf word.

- A periodiese
- B permanente
- C episodiese
- D eksotiese

1.10 Die verskynsel gemerk **6** op die ortofotokaart is 'n ...

- A telefoonlyn.
- B spoorlyn.
- C kraglyn.
- D heiningmuur.

(10 x 2)

[20]

VRAAG 2: GEOGRAFIESE TEGNIEKE EN BEREKENINGE

2.1 Bereken die gradiënt tussen Honey Dew, (gemerk **7**), en Groenleegte, (gemerk **8**) op die ortofotokaart. Toon ALLE berekeninge. Punte sal vir berekeninge toegeken word.

(6)

2.2 Verwys na beide die topografiese kaart en die ortofotokaart om die vrae hieronder te beantwoord.

2.2.1 Watter een, die topografiese kaart of die ortofotokaart, het 'n groter skaal?

_____ (1)

2.2.2 Gee EEN rede om jou antwoord op VRAAG 2.2.1 te ondersteun.

_____ (1)

2.2.3 Met hoeveel is die skaal van die kaart wat jy in VRAAG 2.2.1 gekies het, groter?

_____ (1)

2.3 2.3.1 Gee die ware peiling van trigonometriese stasie 184 (blok **E6**) vanaf trigonometriese stasie 227 (blok **D5**).

_____ (1)

2.3.2 Bereken die magnetiese peiling van trigonometriese stasie 184 (blok **E6**) vanaf trigonometriese stasie 227 (blok **D5**).

_____ (2)

2.3.3 Is daar intersigbaarheid tussen trigonometriese stasie 184 (blok **E6**) en trigonometriese stasie 227 (blok **D5**)?

_____ (1)

2.3.4 Gee 'n rede vir jou antwoord op VRAAG 2.3.3.

_____ (1)

- 2.4 Bereken die oppervlakte gedek deur die ortofotokaart in km². Gebruik die afgebakende gebied op die topografiese kaart vir alle metings. Toon ALLE berekeninge. Punte sal vir berekeninge toegeken word.

(6)
[20]

VRAAG 3: TOEPASSING VAN TEORIE/KAART- EN FOTO-INTERPRETASIE

- 3.1 Verwys na beide die topografiese kaart en die ortofotokaart om die vrae hieronder te beantwoord.

- 3.1.1 Noem EEN primêre aktiwiteit wat in die gekarteerde gebied beoefen word.

(1 x 2) (2)

- 3.1.2 Gee TWEE redes wat die ontwikkeling van die aktiwiteit in VRAAG 3.1.1 genoem, begunstig.

(2 x 2) (4)

- 3.1.3 Noem 'n nywerheid wat waarskynlik in Paarl gevind sal word met inagneming van die beskikbaarheid van plaaslike grondstowwe.

(1 x 2) (2)

3.1.4 Paarl het 'n groot nywerheidsgebied (**F12/13**). Noem TWEE faktore wat die ligging van hierdie nywerhede begunstig.

(2 x 2) (4)

3.2 Verwys na die plaas Caledonville in blok **D7**.

3.2.1 Beoefen hierdie plaas kommersiële of bestaansboerdery?

(1 x 2) (2)

3.2.2 Gee TWEE redes om jou antwoord op VRAAG 3.2.1 te ondersteun.

(2 x 2) (4)

3.2.3 Noem TWEE bronne van water wat op die plaas gebruik word.

(2 x 2) (4)

3.3 Verwys na die rioolwerke in blok **E12**. Gee TWEE bewyse vanaf die kaart om aan te dui dat die rioolwerke waarna verwys word, nie ideaal geleë is nie.

(2 x 2) (4)

3.4 Paarl het baie om aan toeriste te bied. Identifiseer TWEE toeriste-besienswaardighede op die kaart.

(2 x 2) (4)

3.5 Daar is baie klein opvangsdamme op die kaart. Watter doel dien hulle?

(1 x 2) (2)

3.6 Paarl is 'n sentraleplekdorp.

3.6.1 As 'n sentraleplekdorp, wat is die hoof funksie van Paarl?

(1 x 2) (2)

3.6.2 Noem TWEE dienste wat die dorp bied.

(2 x 2) (4)

3.7 Watter tipe landelike nedersetting word by Caledonsgift in blok **D5** gevind?


(2)
[40]

VRAAG 4: GEOGRAFIESE INLIGTINGSTELSELS (GIS)

4.1 Bestudeer die beelde hieronder wat 'n variasie in resolusie toon. Noem of beeld **A** of **B** 'n beter resolusie het en gee 'n rede vir jou antwoord.

A

B



Rede: _____

(2 x 2) (4)

4.2 Graad 10-leerders van 'n skool in Paarl moet navorsing oor die Paarlberg-landvorm as 'n vulkaniese verskynsel doen. Daar word van hulle verwag om beide primêre en sekondêre inligtingsbronne te gebruik.

4.2.1 Stel 'n metode voor wat hulle kan gebruik om primêre inligting te versamel.

_____ (1 x 2) (2)

4.2.2 Bespreek TWEE nadele verbonde aan die gebruik van sekondêre databronne.

_____ (2 x 2) (4)

4.3 Gee 'n voorbeeld van 'n punt, lyn en poligoonverskynsels onderskeidelik, sigbaar in blok **H10**.

Punt: _____

Lyn: _____

Poligoon: _____

(3 x 2) (6)

4.4 Gedurende groot natuurrampe word toegang tot die Paarlvallei beperk om die omvang van die skade vas te stel.

4.4.1 Gee 'n voorbeeld van 'n afstandwaarnemingstoestel wat gebruik kan word om die omvang van die skade te kan opneem.

(1 x 2) (2)

4.4.2 Noem EEN voordeel van afstandwaarneming.

(1 x 2) (2)
[20]

TOTAAL: 100

ROFWERK EN BEREKENINGE